



Besoek www.litnet.co.za vir gratis skole-inhoud.

AFRIKAANS (EERSTE ADDISIONELE TAAL)

GRAAD 11

EKSAMEN

TAAK 6.1: VRAESTEL 1

2026

PUNTE: 80

TYD: 2 UUR

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye**OPSTELLER: F AMARDIEN****INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

AFDELING A:	Leesbegrip	(30)
AFDELING B:	Opsomming	(10)
AFDELING C:	Taal	(40)

2. Beantwoord AL die vrae.
3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
4. Trek 'n streep na elke afdeling.
5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
6. Laat 'n reël oop na ELKE antwoord.
7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.
8. Beplan jou tyd só:

AFDELING A:	50 minute
AFDELING B:	20 minute
AFDELING C:	50 minute

9. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: LEESBEGRIP**VRAAG 1**

Lees die artikel hier onder (TEKS A) en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS A: ARTIKEL***FAKE NEWS EN MISINFORMASIE!***

- 1 *Fake news* verwys na verkeerde inligting wat doelbewus geskep en versprei word om mense te mislei. Misinformasie, aan die ander kant, is verkeerde inligting wat gedeel word sonder dat die persoon besef dit is nie waar nie. Albei kan gevaarlik wees, want dit beïnvloed hoe mense dink en optree.
- 2 In vandag se digitale wêreld speel inligting 'n groot rol in mense se lewens. Ons kry nuus en kennis deur sosiale media, webwerwe en boodskappe op ons selfone. Ongelukkig is nie alle inligting wat ons sien of lees, waar nie. *Fake news* en misinformasie het 'n groot probleem geword, veral onder jong mense wat baie tyd aanlyn deurbring.

- 3 Een van die hoofredes waarom *fake news* so vinnig versprei, is sosiale media. Platforms soos Facebook, WhatsApp en TikTok maak dit maklik vir mense om inligting te deel met net een klik. Baie mense lees nie die volle storie nie en deel sommer 'n opskrif sonder om te kyk of dit waar is. Dit veroorsaak dat vals nuus vinnig versprei en baie mense bereik.
- 4 Nog 'n rede vir die verspreiding van *fake news* is dat mense soms glo wat hulle wil glo. As 'n storie ooreenstem met iemand se opinies of gevoelens, is hulle meer geneig om dit te glo en te deel. Dit kan lei tot verkeerde idees en vooroordele teenoor ander mense of groepe.
- 5 *Fake news* kan ernstige gevolge hê. Dit kan paniek veroorsaak, verhoudings beskadig en selfs mense se veiligheid in gevaar stel. Byvoorbeeld, tydens gesondheidskrisisse kan verkeerde inligting oor medisyne of behandelings mense se lewens in gevaar stel. In ander gevalle kan vals nuus oor politiek konflik en verdeeldheid in 'n land veroorsaak.
- 6 Jong mense is veral kwesbaar vir misinformasie, omdat hulle baie tyd aanlyn deurbring. Hulle sien daaglik baie verskillende stories en dit kan moeilik wees om te weet wat waar is en wat nie. Daarom is dit belangrik dat leerders krities leer dink en vrae vra oor die inligting wat hulle sien.
- 7 Daar is verskeie maniere waarop mense hulself teen *fake news* kan beskerm. Eerstens moet jy altyd die bron van die inligting nagaan. Betroubare nuusbronne het gewoonlik 'n goeie reputasie en gee akkurate inligting. Tweedens moet jy kyk of ander bronne dieselfde storie bevestig. As net een onbekende bron iets sê, is dit moontlik nie waar nie.
- 8 Nog 'n belangrike stap is om nie alles onmiddellik te glo of te deel nie. Neem tyd om die inligting te lees en te verstaan voordat jy dit met ander deel. Let ook op na die taalgebruik in 'n artikel. *Fake news* gebruik dikwels emosionele of dramatiese woorde om mense se aandag te trek.
- 9 Onderwys speel 'n groot rol in die stryd teen misinformasie. Skole kan leerders leer hoe om betroubare bronne te gebruik en hoe om krities oor inligting te dink. Hierdie vaardighede is nie net belangrik vir skoolwerk nie, maar ook vir die alledaagse lewe.

10 Ten slotte is *fake news* en misinformasie 'n groot uitdaging in die moderne samelewing. Dit beïnvloed hoe mense dink, voel en optree. Daarom is dit elke persoon se verantwoordelikheid om seker te maak dat die inligting wat hulle lees en deel, waar en betroubaar is. Deur krities te dink en verantwoordelik op te tree, kan ons help om die verspreiding van vals nuus te verminder en 'n meer ingeligte samelewing te bou.

[Aangepas deur F Amardien, Maart 2026]

LET WEL:

- Beantwoord AL die vrae.
- Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

- 1.1 Gee die korrekte Afrikaanse woord vir *fake*. (1)
- 1.2 Lees paragraaf 2.
 - 1.2.1 Wat is die definisie van *fake news* volgens die teks? (1)
 - 1.2.2 Hoekom word die tyd waarin ons nou leef as 'n digitale wêreld gesien? (1)
 - 1.2.3 Noem EEN ding wat mense doen wanneer hulle tyd aanlyn deurbring. (1)
 - 1.2.4 MOTIVEER waarom die volgende stelling ONWAAR is.
Misinformasie is veral bekend tussen ouer en grootmense. (1)
- 1.3 Lees paragraaf 3.
 - 1.3.1 Noem TWEE tipes sosiale media-platforms in die teks waar ons nuus kry. (2)
- 1.4 Lees paragraaf 4.
 - 1.4.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
'n Sinoniem vir die woord *vooroordeel* is (diskriminerend / onpartydigheid). (1)
- 1.5 Noem TWEE gevolge wat *fake news* op mense het. (2)
- 1.6 Watter impak sal misinformasie op mense hê in die geval van 'n gesondheidskrisis? (1)

- 1.7 Lees paragraaf 6.
- 1.7.1 Hoekom is jong mense meer kwesbaar as dit kom by misinformasie? (1)
- 1.7.2 Wat, volgens die teks, kan leerders doen om *fake news* te stop? Noem EEN ding. (1)
- 1.7.3 Noem EEN ding wat jy kan doen eerder as om jou tyd aanlyn deur te bring. (1)
- 1.8 Hoe sal jy weet wanneer inligting betroubaar is? (1)
- 1.9 Lees paragraaf 8.
- 1.9.1 Hoe sal 'n koerant wys dat woorde dramaties of emosioneel is? (1)
- 1.9.2 Waarom dink jy wil veral tieners nie lees nie? (1)
- 1.10 Lees paragraaf 9 en 10.
- 1.10.1 Watter vaardighede leer onderrig vir kinders? Noem TWEE dinge. (2)
- 1.10.2 Hoe sluit die eerste sin van paragraaf 10 aan by die titel van die teks? (1)
- 1.11 Dink jy dit is belangrik dat mense besluite op hulle eie kan neem? MOTIVEER jou antwoord. (1)
- 1.12 Dink jy sosiale media moet verban word in Suid-Afrika? MOTIVEER jou antwoord. (1)
- 1.13 As jy vir 'n week die prinsipaal van 'n skool moet wees, wat sal jy doen om seker te maak dat leerders nie *fake news* versprei nie? Noem TWEE dinge. (2)

TEKS B: SPOTPRENT

Bestudeer die spotprent hier onder (TEKS B) en beantwoord die vrae wat volg.



[Aangepas en verwerk uit Canva deur F Amardien, April 2026]

- 1.14 Kyk na Gert se GESIGSUITDRUKKING.
- 1.14.1 Hoe weet ons hy is geskok? Noem TWEE dinge. (2)
- 1.15 Watter VISUELE BEELDE is daar wat wys dat die prent spookagtig is? Noem EEN ding. (1)

- 1.16 Waarom dink jy het Stefan 'n glimlag op sy gesig? (1)
- 1.17 Lees die onderstaande sin en kies die korrekte antwoord uit dié tussen hakies.
- 1.17.1 Die woorde *vals feite* is 'n voorbeeld van (oksimoron / vergelyking). (1)
- 1.18 Wat dink jy van mense wat vals nuus versprei? (1)

TOTAAL AFDELING A 30

AFDELING B: OPSOMMING

Lees die teks hier onder (TEKS C) en voer die instruksies uit.

VRAAG 2

INSTRUKSIES

1. Som SEWE maniere **hoe om vals nuus te bekamp** in jou EIE VOLSINNE op.
2. Skryf die feite puntsgewys neer.
3. Nommer die feite van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die korrekte aantal woorde aan die einde van die opsomming aan.

TEKS C:

HOE OM UIT TE KYK VIR *FAKE NEWS*

1. Begin deur die bron van die inligting te evalueer. Betroubare bronne is dikwels van gevestigde nuusorganisasies of amptelike instellings.
2. Wees versigtig vir anonieme of onbekende bronne wat nie duidelik geïdentifiseer word nie.
3. Kontroleer die datum van die inligting om seker te maak dit is nie verouderd nie. Fopnuus kan dikwels verouderde of irrelevante inligting gebruik om 'n agenda te bevorder.
4. Vergelyk die inligting met ander betroubare bronne om te sien of dit ooreenstem. As verskille voorkom, ondersoek die redes daarvoor.
5. Let op die taalgebruik en toon van die artikel. Sensasionalistiese of emosioneel gelade taal kan dui op misinformasie.
6. Beoordeel die kwaliteit van die bewyse wat aangebied word. Betroubare artikels sal duidelike verwysings en bewyse hê. Wees versigtig vir artikels wat geen bewyse of verwysings verskaf nie.
7. Gebruik *fact-checking*-webwerwe om die akkuraatheid van inligting te verifieer. Wees ook bewus van jou eie vooroordeel en hoe dit jou persepsie van inligting kan beïnvloed. Deur hierdie stappe te volg, kan jy help om die verspreiding van fopnuus en misinformasie te voorkom.

TOTAAL AFDELING B 10**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES****VRAAG 3: ADVERTENSIE**

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hier onder (TEKS D) gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die nommer van die vraag wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

TEKS D:

NETFLIX

Netflix het 'n (3.2) (buitengewoon) aanbod

Koop EEN pakket.

(3.3) (Jy kan dit op 10 verskillende toestelle gebruik)

Met die aanbod kry jy:

- Toegang tot meer as 5000 reekse en films;
- eksklusiewe toegang tot nuwe films en reekse voor dit amptelik vrygestel word;
- onbeperkte aantal programme en films wat afgelaai kan word.

Slegs R550. Jy spaar amper 40% van die gewone premie.

Meer inligting beskikbaar

[Verwerk en aangepas uit Canva, April 2026]

- 3.1 Hoe trek die adverteerder die leser se aandag? Noem TWEE tegnieke. (2)
- 3.2 Gee die KORREKTE vorm van die woord tussen hakies.
Netflix het 'n (buitengewoon) aanbod! (1)
- 3.3 Verander die volgende sin na 'n BEVELSIN.
Jy kan dit op 10 verskillende toestelle gebruik. (1)
- 3.4 Kies die KORREKTE ANTWOORD uit dié tussen hakies.

Die gebruik van die woorde *eksklusiewe* en *onbeperkte* is voorbeelde van (emotiewe taal / veralgemening). (1)

- 3.5 Kies die KORREKTE ANTWOORD uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommers (3.5.1 tot 3.5.3) en die antwoord neer.

Die gebruik van die kolpunte in hierdie advertensie is (3.5.1) (effektief / onsuksesvol), want dit laat die leser verder lees. Die baie (3.5.2) (voordele / nadele) wat in hierdie advertensie uitgelig word, sal die leser (3.5.3) (laat twyfel / oorreed) om die produk te koop. (3)

- 3.6 Watter VOORNAAMWOORD gebruik die adverteerder om die leser persoonlik by die advertensie te betrek? (1)

- 3.7 Watter belangrike inligting is uit die advertensie weggelaat? Noem EEN. (1)

[10]

VRAAG 4: STROKIESPRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hier onder (TEKS E) gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

TEKS E:

RAAMPIE 1

Garfield



(4.1) Hierdie arrogante mannetjieskat het baie stories.

RAAMPIE 2



(4.2) Ai tog! TV-advertensies is so lank en vervelig.

RAAMPIE 3



(4.3) Ek is baie honger.
(4.5) Ek MOET nou iets eet.

RAAMPIE 4



(4.6) Wag, die lang advertensies gee ... genoeg tyd om te eet!

RAAMPIE 5



Ek moet gou maak.

[Verwerk en aangepas uit Canva, April 2026]

- 4.1 Kyk na RAAMPIE 1.
Watter EEN woord sê vir ons dat Garfield baie van homself dink? (1)
- 4.2 Kyk na RAAMPIE 2.
Watter UITROEP sê vir ons dat Garfield nie van lang advertensies hou nie? (1)
- 4.3 Skryf die sin in die INDIREKTE REDE.

Garfield sê: "Ek is baie honger."
Begin só: Garfield sê dat hy ... (1)
- 4.4 Kyk na RAAMPIE 3.
Hoe kan ons sien dat Garfield baie lui is? Noem EEN teken. (1)
- 4.5 Kyk na RAAMPIE 3.
Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

"MOET" is in hoofletters geskryf om te (beklemtoon / ontken) dat Garfield baie graag wil eet. (1)
- 4.6 Vul die ontbrekende BYWOORD in.

Die woord *nou* is 'n bywoord van ... (1)
- 4.7 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (4.7) en die antwoord (A–D) neer.

Ons kan sien Garfield se lyftaal tussen RAAMPIE 3 en 4 VERSKIL, want ...

A hy sit op 'n ander stoel.
B dit lyk asof hy wil slaap.
C sy ore staan nou regop.
D hy hou sy voete in die lug. (1)
- 4.8 Kyk na RAAMPIE 5.
Waarom, dink jy, wil Garfield gou maak? (1)
- 4.9 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Dit is IRONIES dat Garfield in RAAMPIE 2 oor die lang advertensies kla, maar in RAAMPIE 4 gebruik hy die lang advertensies tot sy (voordeel / nadeel). (1)
- 4.10 Hoekom sal jy nie kan hoor wat Garfield sê nie? (1)

[10]

VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel hier onder (TEKS F) gebaseer.
- Die nommering in die artikel verwys na die nommer van die vraag wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

5.1 Lees die artikel en beantwoord die vrae.

TEKS F:**JY IS NOOIT TE OUD OM TE LEER NIE**

Queen Malgas woon in 'n klein (5.1.1) (huis) in die Kaap. (5.1.2) (Queen is 62 jaar oud. Sy is 'n pensioenaris.) Sy het twee kleinkinders.

(5.1.3) (Queen het baie van tegnologie geweet.) Dit was altyd haar droom om (5.1.4) (baie) daarvan te leer. Sy het gehoor dat Nostop 'n rekenaarkursus by haar (5.1.5) (church) gaan aanbied. (5.1.6) (Sy wil dit bywoon.)

Nostop is 'n organisasie wat (5.1.7) (op / aan) ouer mense fokus en hulle leer om tegnologie te gebruik. Tydens hierdie kursus het Queen vir die eerste keer op (5.1.8) (rekenaar) gewerk. Sy was bly (5.1.9) (toe / wanneer) sy sien sy verstaan dit.

Queen het die kursus baie (5.1.10) (leersaam gevind). Sy sê sy het vir haar 'n selfoon gekoop (5.1.11) (haar kinders kontak). Nou het sy geleer sy kan die foon ook soos 'n rekenaar gebruik. Sy kan selfs haar (5.1.12) (banksake) daarmee doen.

Queen gebruik deesdae (5.1.13) (elke dag) haar seun se rekenaar. Sy kan in verskillende programme werk, (5.1.14) (byvoorbeeld) Microsoft Word. Dalk kan haar nuwe kennis haar help om van die huis af te werk en só geld te verdien.

[Verwerk en aangepas deur F Amardien, 2026]

- 5.1.1 Gee die VERKLEINWOORD van *huis*. (1)
- 5.1.2 Verbind die sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.
Queen is 62 jaar oud. Sy is 'n pensioenaris. (en) (1)
- 5.1.3 Skryf die sin in die ONTKENNENDE VORM.
Queen het baie van tegnologie geweet. (1)
- 5.1.4 Gee die VERGROTENDE TRAP van *baie*. (1)
- 5.1.5 Gee die AFRIKAANSE VERTALING van *church*. (1)
- 5.1.6 Skryf die sin in die VERLEDE TYD.
Sy wil dit bywoon. (1)
- 5.1.7 Kies die korrekte VOORSETSEL tussen hakies.
Nostop is 'n organisasie wat (op / aan) ouer mense fokus en hulle leer om tegnologie te gebruik. (1)
- 5.1.8 Gee die MEERVOUD van *rekenaar*. (1)
- 5.1.9 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.
Sy was bly (toe / wanneer) sy sien sy verstaan dit. (1)
- 5.1.10 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
Queen het die kursus baie leersaam gevind.
Dit beteken dat Queen (saam met ander mense geleer het / baie nuwe dinge by die kursus geleer het). (1)
- 5.1.11 Skryf die gedeelte tussen hakies in die INFINITIEF. Skryf die hele sin uit.
Sy sê sy het vir haar 'n selfoon gekoop (haar kinders kontak). (1)
- 5.1.12 Verdeel *banksake* korrek in LETTERGREPE. (1)
- 5.1.13 Gee EEN woord vir die woorde tussen hakies.
Queen gebruik deesdae (elke dag) haar seun se rekenaar. (1)
- 5.1.14 Gee die AFKORTING van *byvoorbeeld*. (1)

5.2 Bestudeer die prent hier onder (TEKS G) en beantwoord die vrae.

TEKS G:



[Verwerk uit www.google.com/images]

- 5.2.1 Gee die INTENSIEWE VORM van *wit*. (1)
- 5.2.2 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.
Die jong mense voer 'n (telefoniese / aanlyn) gesprek. (1)
- 5.2.3 Gee die VROULIKE VORM van *seun*. (1)
- 5.2.4 Gee die ANTONIEM van *agter*. (1)
- 5.2.5 Skryf die sin in die korrekte WOORDORDE.
Die seun tik (op sy rekenaar) (altyd) (baie vinnig). (1)
- 5.2.6 Vul die ontbrekende LEESTEKEN in. Onderstreep die leesteken.
Wat sê die seun op skerm 4 (1)

[20]
TOTAAL AFDELING C 40
GROOTTOTAAL 80

